

5. Twee koninkryke - Juda en Israel

1 Konings 12 - 16 en 2 Kronieke 10 - 16

Die twaalf stamme van Israel skeur in twee

Die konings wat Salomo opvolg, verval in eiewillige godsdienste. Daarom straf God hulle deur die koninkryk in twee te verdeel. Hierdie hoofstuk fokus op die volgende hoofgedagtes:

- God voer uit wat Hy beloof het.
- Eiewillige godsdienste is afgodsdienste.
- God verdra nie eiewillige godsdienste nie.

Ontevredenheid in Israel

Toe Salomo sterf, volg sy seun Rehabeam hom op as koning. In Juda en Jerusalem, die stad van Dawid, aanvaar die inwoners hom as koning, maar die res van die land wil hom nie as hul koning erken nie. Salomo het ter wille van al sy bouplanne swaar belastings geëf, wat hulle betaal het solank hy regeer het, maar nou dat daar 'n nuwe koning kom, wil hulle dit nie meer doen nie.

Die Israëliete laat Jerobeam uit Egipte roep om as hulle woordvoerder op te tree. Hulle hou 'n groot vergadering by Sigem, waarop hulle besluit om met 'n versoek na Rehabeam te gaan. Hulle wil verligting hê van die swaar belastings wat hulle moet betaal. As Rehabeam hierdie versoek inwillig, sal hulle hom as koning dien.

Rehabeam vra hulle drie dae tyd om eers sy raadgewers te raadpleeg. Hy vra die advies van die ou raadgewers van sy vader, en hulle raai hom aan om aan die eise van die volk toe te gee en die belastings te verlig. Daarna vra Rehabeam raad by sy maats wat saam met hom in rykdom en weelde opgegroeï het. Hulle raad is dat hy streng moet optree en aan die volk moet sê dat hy dit eerder oorweeg om die belastings nog verder te verhoog.

Met hierdie antwoord is die volk glad nie tevrede nie. Daarom weier hulle om Rehabeam as hul koning te erken. Toe hy sy vertroueling, Adoam, stuur om met die opstandige volk te probeer onderhandel, stenig hulle hom. Rehabeam vlug dadelik na die veiligheid van Jerusalem. Die gevolg hiervan

is dat daar nou 'n kloof ontstaan tussen broeders van dieselfde volk. Die twee koninkryke het van hierdie oomblik af verskeie kere teen mekaar oorlog gevoer.

Rehabeam wil die verlore ryk terugwen

Die twee nuwe koninkryke, Juda en Israel, is mekaar vyandig gesind, veral omdat Rehabeam nie verstaan dat die skeuring van sy ryk 'n beskikking van die Here is nie. Hy wil sy koningskap oor die hele volk terugwen, en bring daarom 'n baie groot leër uit die stamme van Juda en Benjamin op die been.

Hoewel Rehabeam net een stam ontvang het, en Benjamin eintlik tot die ander tien stamme behoort, is dit vir die stam van Benjamin onmoontlik om Jerobeam te volg. Die stamgebied van Benjamin is teenaan Juda geleë. Jerusalem lê selfs op die grondgebied van Benjamin.²⁰ Die suidelikste deel van Benjamin moet hom, ook weens ekonomiese redes, by Juda aansluit.

Voordat die groot leër van Rehabeam egter teen Israel kan optrek, gryp God self in. Hy gee bevel aan Semaja om na Rehabeam te gaan en aan hom te sê: “So spreek die Here: julle moet omdraai, elkeen na sy huis, want van My het hierdie saak gekom.” Nou weet Rehabeam dat die skeuring van die ryk God se wil is.

Jerobeam rig Sigem as sy hoofkwartier in om van daar oor Israel te regeer, terwyl Rehabeam in Jerusalem bly om oor Juda en Benjamin te regeer.

Kalwerdiens van Jerobeam

Vir Jerobeam wat oor Israel regeer, is daar egter een groot probleem. Die volk moet vir hulle groot feeste by die tempel in Jerusalem gaan offer. Jerobeam is bang dat die volk mettertyd van hom afvallig sal word as hulle so gereeld na Jerusalem toe moet gaan. Daarom beraam hy 'n plan om hulle te verhoed om dit te doen. In Bet-el en Dan bou hy twee tempels en in elkeen plaas hy 'n goue kalf, wat bedoel is om 'n afbeelding van die Here te wees. So verlei hy die volk tot dieselfde sonde wat Israel in die woestyn gepleeg het.²¹

20 Jos. 18: 28 en Sela, Elef en Jebúsi, dit is Jerusalem, Gíbeat, Kirjat: veertien stede met hulle dorpe. Dit is die erfdeel van die kinders van Benjamin volgens hulle geslagte.

21 Eks. 32: 8 En hulle het gou van die weg afgewyk wat Ek hulle beveel het. Hulle het vir hulle 'n gegote kalf gemaak en daarvoor neergebuig en daaraan geoffer en gesê: Dit is jou gode, o Israel, wat jou uit Egipteland laat optrek het.

Verder stel hy ook sy eie priesters aan. Hulle kom nie uit die stam van Levi soos God beveel het nie.²² Hy besluit om ook self as priester op te tree. Deur hierdie optrede trek hy 'n streep deur die hele heilsgeskiedenis van Israel. Die kalwerdiens wat hy invoer, staan direk in stryd met die tweede gebod.²³ Dit is eiewillige godsdiens wat die Here baie kwaad maak. Hierdie sonde van Jerobeam het deel van Israel geword en sou bly voortduur vir baie jare.

Jerobeam het wel daardeur sy staatkundige doel bereik, maar deur sy optrede veroorsaak hy dat Israel hulle aan eiewillige godsdiens skuldig maak. Sy optrede is die begin van die ondergang van sy ryk.

Die profeet uit Juda

Met die inwyding van die tempel van Jerobeam by Bet-el, stuur die Here 'n profeet uit Juda om hom te waarsku. Toe Jerobeam op die altaar klim om die eerste offer aan te steek, hoor hy skielik 'n stem wat uitroep: "Altaar, altaar, so spreek die Here: kyk, 'n seun sal gebore word uit die huis van Dawid met die naam Josia, en hy sal op jou slag die priesters van die hoogtes wat op jou offerrook laat opgaan!" Hierdie profesie sou baie jare later ooreenkomstig die profesie van die man van God in vervulling gegaan, toe Josia die altaar wat Jerobeam opgerig het, afgebreek en verbrand het.²⁴

Jerobeam steur hom nie aan die man van God nie en gaan voort om te offer. Daarom keer die man van God terug met nog 'n profesie om God se oordeelsaankondiging te bevestig. Hy profeteer dat die altaar uitmekaar sal skeur en die as wat daarop is, afgegooi sal word. Sy optrede is een te veel vir Jerobeam en hy beveel sy diensknegte om die man van God te gryp. 'n Ander wonderteken vind nou plaas wat aantoon dat die man van God waarlik 'n gesant van God is. Die hand wat Jerobeam uitgesteek het toe hy sy diensknegte beveel het om die man van God te gryp, word styf. Terwyl Jerobeam daar staan met 'n stywe arm, gaan die wonderteken wat die man

22 Deut. 21: 5 Dan moet die priesters, die seuns van Levi, aankom; want die HERE jou God het hulle uitverkies om Hom te dien en om in die Naam van die HERE te seën, en volgens hulle uitspraak moet elke saak van twis en verwonding afgehandel word.

23 Eks. 20: 4 Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie.

24 2 Kon. 23: 15 En ook die altaar wat in Bet-el was, die hoogte wat Jerobeam, die seun van Nebat, gebou het, wat Israel laat sondig het, ook daardie altaar en die hoogte het hy afgebreek en die hoogte verbrand; hy het dit tot stof vermaal en die heilige boomstam verbrand.

van God aangekondig het, in vervulling, die altaar skeur uitmekaar en die as val op die grond.

Jerobeam smeek die profeet om tot die Here te bid om sy hand weer reg te maak. Die man van God doen dit en Jerobeam se hand word genees. Hierop nooi Jerobeam die profeet uit om by hom te kom eet, maar die profeet antwoord dat die Here hom beveel het om niks in Bet-el te eet of te drink nie.

Die ou profeet van Bet-el

'n Ou profeet wat in Bet-el woon, hoor van die gebeure. Hy staan verwonderd oor wat gebeur het aangesien hy self nie dapper genoeg was om Jerobeam tereg te wys nie. In 'n poging om weer sy aansien terug te wen, wil hy graag saam met die profeet van Juda in die openbaar gesien word. Hy saal dus 'n esel op en ry na die profeet. Die ou profeet nooi die man van God om by hom te kom eet, en toe hy weier, jok die ou profeet vir hom deur te sê dat 'n engel aan hom die opdrag gegee het om hom vir ete te nooi.

Terwyl hulle eet en drink, praat die Here met die ou profeet. Hy sê aan die profeet van Juda dat hy ongehoorsaam was deur nie na die stem van die Here te luister nie. Die Here het hom tog uitdruklik beveel om nie om te draai en brood te eet en water te drink in daardie plek nie.

Op sy terugreis na Jerusalem, val 'n leeu die profeet van Juda aan en verskeur hom. Sy esel hardloop nie weg nie, maar bly saam met die leeu by sy lyk staan. Toe die ou profeet daarvan hoor, gaan hy daarheen en begrawe sy lyk. Hierdie gebeure maak egter geen indruk op Jerobeam nie. Hy bekeer hom nie, maar gaan voort om die volk tot sonde te verlei.

Die oordeel van die Here oor Jerobeam en sy huis

Toe Abia, Jerobeam se seun en troonopvolger, ernstig siek word, beveel Jerobeam sy vrou om haar te vermom en vir die profeet Ahía raad te gaan vra. Hoewel hy bykans blind is, weet Ahía presies wie sy besoeker is, want God het dit aan hom bekend gemaak. Hy het egter slegte nuus vir haar. Die seun sal verseker sterf en Jerobeam sal swaar gestraf word vir sy volgehoue afgodediens.

Net hy sal uit die hele huis van Jerobeam 'n natuurlike dood sterf en 'n eervolle begrafnis hê, omdat hy die enigste een is wat iets goeds in die oë van die Here gedoen het. Met hierdie bitter tyding kan Jerobeam se vrou terugkeer. Toe sy by die paleis kom, het die seun gesterf.

Konings van Israel wat mekaar opvolg

Nadat Jerobeam 22 jaar lank regeer het, volg sy seun Nadab hom op as koning, maar hy het net twee jaar lank regeer. Gedurende die slag teen die Filistyne is hy deur Baésa, een van sy krygsmanne, vermoor. Baésa het toe vir homself die koningskap toegeëien en die hele huis van Jerobeam uitgeroei. Daarna het hy, behalwe om voort te gaan met afgodediens, ook oorlog teen Asa, die koning van Juda, verklaar.

Die profeet Jéhu het na hom gekom en ook sy ondergang vir hom voorspel. Ná 24 jaar het sy seun Ela hom opgevolg. Twee jaar later het een van sy offisiere, Simri, hom tydens 'n fees om die lewe gebring en ook sy hele huis uitgeroei, soos Jehú voorspel het. Simri regeer net sewe dae toe Omri probeer om hom te vermoor. Simri laat toe die paleis aan die brand steek en kom self in die vlamme om. Die volk is verdeel: die helfte wil Tibni as koning hê en die ander helfte wil Omri as koning hê. Eers ná 'n jaar het Omri daarin geslaag om alleen koning te wees. Daarna stig hy vir hom 'n nuwe hoofstad, Samaria. Samaria het van toe af die hoofstad van Israel gebly. Omri sondig nog meer as sy voorgangers met die kalwerdiens. Hy het ook die huwelik gereël tussen sy seun Agab en Isebel, 'n prinses uit Sidon.

In Israel is die Here nie meer gedien soos vroeër nie. Die een koning ná die ander het die tien stamme in beelddiens laat verval.

Rehabeam - koning van Juda

Gedurende die eerste 75 jaar ná die skeuring van die ryk, het Israel ses konings gehad, terwyl daar gedurende dieselfde tyd net drie konings op die troon van Juda geregeer het. Hierdie konings was aldie uit die huis van Dawid, terwyl die een vreemdeling na die ander oor Israel geheers het. In die begin het dit gelyk asof Salomo se seun, Rehabeam, 'n voorbeeldige koning sou wees. Om Juda se ekonomiese posisie te verbeter, het hy sterk stede gebou waarin hy voorrade opgegaan het.

Drie jaar lank het hy God getrou gedien en asiel verleen aan godsdienstige vlugtelingen uit Israel, want daar was afgodediens onder Jerobeam aan die

orde van die dag. Ongelukkig het hierdie toestand nie lank geduur nie. Oral in Juda is altare vir vreemde gode opgerig, en met die uitheemse en afskuwelike seremonies het ook ander sondes gepaard gegaan. 'n Jaar lank het hulle volgehou met die goddeloosheid. Daarom het die Here Sisak, die koning van Egipte, as instrument gebruik om Rehabeam te straf.

Egipte val Juda aan

In die vyfde jaar van Rehabeam se regering het Sisak die versterkte stede van Juda ingeneem en tot by Jerusalem gevorder. Hy dwing Rehabeam om 'n vernederende vrede met hom te sluit. Sisak neem al die skatte van die tempel en van die huis van die koning weg en ook al goue skilde wat Salomo vir sy wagte laat maak het.

Toe die profeet Semaja die koning en die volk daarop wys dat hierdie inval 'n straf uit die hand van die Here is, bekeer hulle hul tot die Here en Jerusalem word nie ingeneem nie. Die mense van Juda het groot geskrik en vir 'n tyd het dit goed gegaan, maar nie lank nie, toe begin Rehabeam en sy volksgenote weer offer by die afgodsaltare.

Abia - koning van Juda

Abia het sy vader Rehabeam opgevolg as koning. Hy het net drie jaar regeer. Ook sy hart was nie volkome by die Here nie. Onder hom was daar voortdurend 'n stryd tussen Juda en Israel. Kort-kort het dit opgevlam en grensgevegte tot gevolg gehad.

Naby Bet-el het die twee leërs gereed gemaak vir 'n geveg. Abia het 'n lang rede gehou waarin hy Juda prys vir hulle trou aan God, terwyl Israel afvallig geword het. Só lank was die toespraak dat Jerobeam 'n deel van sy leër om dié van Juda laat trek. Toe die geveg 'n aanvang neem, vind Abia uit dat hy van twee kante af aangeval word. Nieteenstaande hierdie onverwagte taktiek het Juda die oorhand gekry, Israel verslaan en verskeie belangrike stede ingeneem.

Asa - koning van Juda

Asa was Juda se derde koning. Hy het sy vader Abia opgevolg. Waar Abia se regering gekenmerk was deur halfhartige optrede, was Asa baie meer beslis. Hy het 41 jaar oor Juda regeer. Gedurende sy regering het sewe konings oor Israel regeer. Hy het die Here getrou gedien. Hy wou ook sy volk

terugvoer na suiwer diens van die Here. Aan die onsedelike praktyke, wat onder Rehabeam by die volk ingesluip het, maak hy 'n einde. Die vreemde afgodsbeelde het hy uitgeroei. Ywerig het hy die ware godsdiens weer in ere herstel. Hy ontslaan ook sy ouma, wat aan die ou gewoontes bly kleef het, uit haar belangrike pos in die paleis.

Dit is jammer, dat Asa in sy hervorming nie so ver gegaan het om die hoogtes, waarop die volk geoffer het, te verwyder nie. Hy verwyder van die hoogtes waarop opgerigte beelde gestaan het, maar die ou hoogtes bly staan. Asa versterk sy ryk deur sterk vestings te bou en sy leër te vergroot.

Hierdie versterkings was nodig, want Egipte het sy ryk bedreig. Serag, die Kusiet, het met 'n ontsaglike groot leër oor die grense van Juda getrek. Asa se leër was nie so sterk nie, maar hy het op die Here vertrou. Hy het die Here om hulp gesmeek. God het sy geloofsvertroue in Hom nie teleurgestel nie. God het die leër van Serag verslaan, sodat Asa maklik hulle mag gebreek en hulle tot Gerar toe agtervolg het. Op Asa se terugtog ontmoet die profeet Asárja hom en vuur die koning verder aan tot getroue diens aan die Here. Daarna het Juda onder Asa vir 'n geruime tyd vrede en voorspoed beleef.

Asa deur God gestraf

Deur hierdie voorspoed het baie mense uit Israel na Asa oorgegaan. Baésa, koning van Israel, wou aan hierdie oorloper van sy volk 'n einde maak. Om dit te voorkom het hy Rama gebou. Asa het hierin 'n bedreiging van die vrede gesien, en het hom vir die oorlog voorberei. Hy vertrou nie meer op God soos in die verlede nie. Hy word bang en soek hulp by Benhadad, koning van Aram of Sirië. Hy koop Benhadad met groot skatte om, sodat Benhadad sy verbond met Baésa, die koning van Israel verbreek. Met behulp van Benhadad het Asa toe verskillende stede van Israel ingeneem.

Asa se sonde, deur nie op die Here te vertrou nie maar hulp by Aram of Sirië te gaan soek, veroorsaak dat die Here vir hom kwaad word. Die Here stuur die profeet Hanáni na Asa om hom aan te sê, dat die vrede van sy ryk nou tot 'n einde gaan kom. Daar sal voortdurend oorlog wees. In plaas daarvan dat hy hom voor die Here verootmoedig, verhard Asa hom en laat die profeet Hanáni in die gevangenis opsluit. Toe hy later siek word, vertrou hy meer op mense as op die Here. So het hierdie vroom koning aan die einde van sy lewe gesondig.

Aanbevole leesstukke

BOOYENS, M.J. 2007. Laat my lammers wei. Gereformeerde Kerk Pretoria: Orkney. 77 - 81 p.

DEGRAAF, S.G. 1935. Verbondsgeschiedenis: Schetsen voor de vertelling van de Bijbelse Geschiedenis. Het Oude Testament. Kampen: J.H.Kok. 476 - 492 p.

INGWERSEN, G. 2008. Die Bybel oorvertel vir oud en jonk. Pretoria: DBU. 302 - 317 p.

KROEZE, J.H. 2008. Handboek Bybelse geskiedenis: Die Ou Testament. Pretoria: DBU. 333 - 356 p.